

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) – Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

28 April 2020

AAN: Leraars, skriba/kassiers en Kerkrade

Vriende,

WERKLOOSHEIDSVERSEKERING-SKEMA OM WERKGEWERS TYDENS COVID-19 INPERKING TE ONDERSTEUN

Die regering het as deel van die hulpverleningspakket vir werkgewers aangekondig dat 'n tydelike skema vir die ondersteuning van werkgewers op die rug van die werkloosheidsversekeringsfonds geskep word. Dit staan bekend as TERS - "Temporary Employer Relief Scheme", en is vir werkgewers wie se bedryf deur inperking geraak word.

Alle werkgewers wie se werkloosheidsversekering oorbetalings aan die SAID op datum is, kwalifiseer hiervoor. Dit sluit gemeentes in, wat almal finansiële deur die inperking geraak word. Hierdie skema kan groot verligting bring.

Die webportaal is: <https://uifecc.labour.gov.za/covid19/>. Dit word die "UIF Online COVID-19 Portal" genoem.

Wanneer die kassier / finansiële beampte hierop ingaan, registreer jy in die eerste plek die werkgewer, en vul daarna die besonderhede van die werknemers in. Natuurlik kan net geëis word vir werknemers vir wie werkloosheidsversekering oorbetaal word.

Die keurdatum vir eise is die laaste werksdag van die maand, vir April dus Donderdag 30 April.

Die portaal is onder groot druk, dit is daarom noodsaaklik om so vinnig as moontlik registreer. 'n Gesertifiseerde bewys van die werkgewer se bankrekening is onder meer nodig. Dit kan van jou banke se internetbankdienste afgetrek word.

Sodra die geld ontvang is, moet dit aan werknemers oorbetaal word. Bewys moet hiervan gelewer word. Die gewone salaris van die personeel word dan verminder met die bedrag wat via TERS ontvang is. Dit moet ook as sodanig op die salarisstrokie en dus die gemeente se betaalrol aangedui word. **Doen by julle ouditeur navraag presies hoe om dit te doen.**

Hier is 'n [praktiese gebruikersgids](#) oor die portaal beskikbaar. [Gereelde vrae](#) word hier beantwoord.

Petra Vosloo van Vosloo Konsult in Port Elizabeth is so vriendelik om aan te bied om gemeentes wat vashaak te help. Moet haar asb nie onnodig toegooi nie, probeer eers self. Haar e-pos adres is petra@voslookonsult.co.za. Jy kan ook by jul ouditeur navraag doen.

By die skryf hiervan is die portaal oorlaai, en ek kon nie self probeer nie. Ek wil die boodskap egter so vinnig moontlik uitkry, en stuur darem hierdie e-pos. Die einde van April is naby. Vanaf 1 Mei kan vir Mei-maand aansoek gedoen word.

Vrede,

Danie Mouton
Direkteur Sinode